

Nomades voetslaanklub nuusbrieff en roete-terugvoer.

Januarie 2014.

Goiedag aan elkeen.

'n Lekker vol briefie die maand. Hoop en glo die jaar gaan jou goed behandel en jy gaan vele ure in die veld geniet.

Inhoud:

- Besprekings, finansies en ledegelde 2015.
- Nomades Jaareindfunksie terugvoer 6 Des 2014
- ThabaPhaswa terugvoer Desember 2014.
- Webtuiste



Besprekings, finansies en ledegelde 2015.

Ons moet asb op die klubaand elke maand wat die gewoonlik die eerste Dinsdag van die maand is of op die laatste die dag daarna die finale getalle kry van wie gaan saam op die' maand se roete. As jou naam op die lys was en jy gaan nie meer nie, laat weet asb vir Wilna, anders moet ons almal opvolg wat baie tyd neem en keer op keer is daar mense wat nie meer gaan nie.

Wilna hanteer al die besprekingslyste. Kontak haar asb om jou naam op 'n lys te plaas of af te haal en te hoor of daar nog plek is. Dit gaan nie lekker wees vir jou om te moet betaal omdat jou naam op die lys is en jy nie meer gaan nie.

As jou naam op die lys is en daar plek is moet ek jou gelde met 'n inbetalings bewys in die week van die klubaand kry, tensy ander vermeld. Somige roetebestuurdes wil bv met bespreking(soos KZN wildlife en Cape nature) die volle bedrag hê. Ek kan nie gelde oorbetaal aan 'n roete eienaar as jy nie jou gelde aan ons oorbetaal het nie en ek wil graag net een finale betaling aan die roetebestuurder maak waar moontlik. Jy is welkom om meer as een roete/item/persoon se gelde saam te betaal, stuur net aan my, Marius by MariusStanderPTA@gmail.com of 083 305 6223 dan 'n uiteensetting van hoe jy by die bedrag uitkom. As jy gaste saamneem gee dan asb ook hulle volle name en kontak nommers en e-pos adres aan ons sodat die stapperslys volledig kan wees. Nie net 'Willem en vriend' nie asb.

Ledegeld 2015: Onthou as jy jou R140 per enkel persoon of R250 ledegeld per gesin('n paartjie en tot 3 afhanklike kinders) voor die Februarie Jaarvergadering oorbetaal kan jy moontlike verhoging in die ledegeld tydens die Klubjaarvergadering vryspring. Onthou lede betaal net R5 per persoon per nag bo-op die basiskoste van 'n stap en nie-lede R20 per nag bo-op die basiskoste. As ons dus bv. R300 per stapper moet oorbetaal aan 'n roeteienaar betaal 'n lid R310 en nie-lede R340.

Nomades Jaareindfunksie Saterdag 6 Des 2014.

Op November se klubaand het 'n kleiner as verwagte groepie Nomades kom stem vir die fotokompetisie en uitgemis op al die lekker versnapperings wat Wilna vir die klub gekoop het. Daarna het Wilna al die getalle uitgesorteer en bepaal wie is die wenners en sertifikate gemaak. Pryse is gekoop vir almal. Ek het die lapa finaal gereel en betaal by Groenkloof en die oornagdinge bespreek en gereel vir die wat oorslaap.

Saterdag oggend is ons toe net drie wat die geel 10.5km sirkelroete loop by Groenkloof natuurreservaat.

Ons begin net na 8 stap en is eers rondom 12:30 terug by die kamp. 'n Lekker stappie met sy moeilike en klipperige gedeeltes. Baie mooi plantegroei en so hier en daar sien mens bietjie diere oor. As jy nog nie hier gestap het nie, kom gerus vir 'n Saterdag of Sondag hier stap.



Die werkers van die stadsraad het die lapa area mooi skoongemaak vir ons. Daar was opvoutafels voorsien asook stoele en hout. Netjies. Twee onderdak braaiers maak dit veilig vir sou dit reen.

Almal daag so stuk-stuk op en 28 van ons kuier lekker onder die groot koelbome, rondom die braairoosters en onder die afdak. Pryse word uitgedeel en stapstatek word gedeel. Bedankings word gedoen en ons kuier voort.



Elkeen bing sy bykos, broodjie of slaai en die kostafel kreun onder die gewig. Jan du Preez en ek is seker Corrie het gehelp, maak weer vir ons sy nou alreeds legendariese pap en sous. Heerlik!

My nuutgewende ketel as stapper van die jaar met die meeste km's gestap kry sommer dadelik 'n nut om die sous vir die pap wat Jan ook gemaak het in mee warm te maak.

Vleisie gebraai en heerlijk en te veel ge-eet. Die wat nie oorslaap nie moet ongelukkig rondom 19:00 uit wees en dit raak stil. Ons ses wat agterbly geniet die stilte (wat 'n kort tydjie bietjie versteur was deur 'n meer luide funksie by die Groenkloof pieknik terein). Die aand is dit stil en die oggend lekker om met die geluide van voeltjies en bos wakker te word in die middel van Pretoria. Die ablusie geriewe is netjies en heel voldoende. Nog bietjie gekuier, tee en ontbyt gemaak en ook maar later huiswaards gekkeer.

Sien aangehegde bylae met die fotokompetiese se wenners en statestiek wat ek vanaf die webtuiste geneem het.

Gaan kyk gerus ook op Nomades webtuiste onder die 'Wen Fotos' opsie.

Wat die kilometers betref wat die klub in 2014 gestap het, dit bly maar moeilik om altyd die regte afstande te kry.

Dit is baie inligting en die afstande op die roetes is ook nie altyd bekend of reg nie. Party mense neem kortpad en ander ompaaie waarvan ek nie altyd weet nie of nie elkeen se roetes onthou nie. Maar dit gee 'n baie goeie aanduiding. Na die beste van my statestiek is die globale opsomming as volg : Sowat 4554km is kumulatief deur die klub gestap op amptelike gereelde stappe. As jy elke stap sou doen sou jy 36 nagte in die bos wees. Ons het 538 nagte in totaal bespreek. As jy elke stap en elke opsie sou loop sou jy ongeveer 340km gestap het deur die jaar. Ons het 15 stappe vir die jaar gereel. 86 persone het die jaar saamgestap.

Jaarafsluiting Finansies: Saterdag 6 Desember 2014.

Lapa huur by City of Tshwane:Groenkloof R1 210.00

R20 per lid bydrae (28 persone): R -590.00

Bankkoste en bewys van betalings: R 13.70

Brikette(2) en aanstekers:(R55+12.90) R 67.90

Versnapperings vir fotokompetiese

stem-klub-aand begin November: R 240.00

Pryse en geskenke. R 2000.00

Totale Projek koste vir klub vir

Jaarafsluit funksie en prysuitdeling: **-R2941.60**

Ester, Corrie VrB, Cornea, Marius, Jackie en Kobie slaap oor.

9 persone het betaal vir oorslaap, net 6 slaap wel oor.

Inbetalings vir oornag-slaap (9 persone x R70) +R630

Oorbetalings aan Groenkloof natuur reservaat (9xR70) -R630

ThabaPhaswa terugvoer Desember 2014.

Fritz & Luitha, Leonoré; Wouter & Reneé, Clarise & Manfred, Tiffany & Cameron; Jan & Corrie, Francois & Elize van As, Paul en Christi is die wat beide aande oorslaap by die Dome Rock basiskamp in die glashuisies waar die rugsakstappers ook die Vrydagaand saamgekuier het. Nege stappers bespreek vir die oornag rugsakstap, twee kies om net die basiskampstappe te doen. Marius, Wilna, Christo, Anna-Marie, Phrina, Isabel en Mari slaap dus oor by die oornag Bergvykamp die Saterdag aand. Corrie se suster, Sarie Coetzee het net die Saterdag kom saamstap.

In totaal was ons dus 22 persone op die stap wat oorslaap.

Thabapaswa is sowat 13.4km noord van Mokopane(Potgietersrus), waarvan die laaste 5km billike grondpad is. Deon en Ankie Richter (015 491 4882) is die eienaars. Sien ook <http://www.thabaphaswa.co.za/> vir meer inligting oor hulle fietsryroetes en ander aktiwiteite.

Vrydag middag en aand kom almal daar aan. Die roeteinstruksies was baie akuraat. Ons almal slaap Vrydagaand in die Dome Rock kamp met sy 4 glashuisies met name soos Huilboerboon, Rooi-ivoor, Kiepersol en Maroela, gegee na aanleiding van die bome waarby die huisies gebou is. Daar was uiteenlopende reaksie van persone as hulle die kamp sien. Jan dink ek spot met hom toe ek hom die toegeboude stapelbed met 'n deur wys. Ander dink hulle gaan nooit weer hulle motors kry met die baie styl paadjies op en af tussen die huisies, yskas, ablusie en gemeenskaplike braaiarea. Almal is dit eens dit is 'n unieke kamp en meeste van ons stap al baie jare. Basies maar baie goed toegerus en funksioneel.



Om die minste te sê is die akkomodasie kompak en knus. Elke 'huisie' het 2 kamers wat elkeen net-net groter is as die stapelbeddens en lekker dik matrasse se oppervlakte. Jy moet maar jou groot goete buite pak. Maar wat dit uniek maak is dat ten 2 twee van 'mure' in elke kamer oop glaspanele is. Dit voel asof jy buite slaap, maar is tog beskut. Elke huisie het ook sy eie ruim kuier/braai area met 'n waterkraan, wasbak, 2-plaat gasstoof en potte, n pan en ketel en stoele. Selfs witgoud, kerse en



lanterns word voorsien. Wat meer kan mens vra. Daar is een gemeenskaplike vrieskas vir al 4 huisies. Onder aan die rivier se kant is 'n groot gemeenskaplike braai en kuier area/afdak wat baie nuttig is as dit sou reën aangesien die privaat braai-area by die huisies oop is. Daar is geen elektrisiteit nie maar die lampies en kerse maak op daarvoor. Daar is 3 privaat sitplekkies met 'n sterrehemel as dak en 2 waskamers met riet-mure. Baie uniek toegerus met tuis-ontwerpte staalwerke wat die wasbak huisves. Daar is self plek om jou lampie op te hang, kers neer te sit, handdoek op te hang en jou klere op te hang. Die storte hier in die bos het iets wat baie geboue se storte nie het nie - Seepbakkies!. Puik uitgedink. Warmwater vir die storte word deur 'n donkie verskaf wat vir ons gestook is. Nadat die meeste mense hulle rigting gekry het in die kamp, kuier ons heerlik saam onder die groot braaiafdak tot dit tyd raak vir elkeen om in sy 'kokon' te gaan inkruip via die styl, nou donker sement paadjies tot by sy kampie.

Saterdag oggend neem die meeste mense die langer en heelwat moeiliker blou 'Black Eagle' roete.

Somige wat nie kans sien vir die aanhoudende steil op nie sny kort en neem die geel 'Mhahlare of die Klipspringer roetes. Op en Op en Op soos wat soms voel daar is nie 'n bo of 'n einde is nie. Dit is ook maar warm, maar uitsigte is mooi en daar is heelwat skadu. Baie mooi bome soos die papierbas en intresante klippe waarby ons moet opklim, maar met die baie uitsigpunte kry mens darm soms jou asem terug.

Die 'Black Eagle' en 'Mhahlare' stappers stap verby die 'Kanniedood' kamp met sy indrukwekkende 3-vlak hut knus teen die rotswand ingewerk is. Ons ontspan ook eers hier en eet bietjie middagete en kry ons asems terug voordat ons die pad verder aandurf. Hier was net nie water gewees nie.



Die 7 rugsakstapper stap die laaste entjie oor die vlakte en kom by die Thabaphaswa kampeer terein uit. 'n Klipgoot verder op met 'n grondpad is die Bergvy oornagkamp. Dit deel dan ook die ablusie geriewe met die kampterein wat in dieselfde styl as by DomeRock is. 'n Swembad(dam) is ook beskikbaar by die kampterein. Die Akkomodasie is 'n sinkdak struktuur, met net houtspoorstapies aan die kante en 6 stapelbeddens met weereens lekker dik matrasse en 'n lang tafel in die middel.



Ons maak dit net-net voordat dit begin reën. Ons moes die beddens net op 'n tyd bietjie inskuif want die reën kom heerlik tussen die hout-pale-mure deur. Die braai area is ook buite en met soortgelyke geriewe as die Dome Rock Kamp. Ons gas-bottel kom bietjie laat, maar darm voor donker en ons kon lekker water kook vir tee/koffie. Parafien lampe word weer voorsien vir lig. Gelukkig was Wilna en Christo ingerig vir hulle paar dae kamp in die Kruger na die stap en toe die reën net wou begin inmeng met ons braai, word die kazebo en gemak stoele uitgehaal en ons 'rugsakstappers' braai toe eindelijk in groot styl. Heerlik gebraai en gekuier. Niemand anders naby nie en stil soos dit in die bos moet wees.

Sondag oggend, wat die Rugsak stappers betref is daar twee persone wat haastig op is na die Kruger Wildtuin en ry sommer direk van die oornagkamp af. Isabel voel ietwat olik en die ander dames stap vinnig terug na die Dome rock kamp met die kortste pad, om gaan Isabel weer teoptel met die motor. Ek probeer die regte paadjie loop, verdwaal ietwat in die omgewing van die pomphuis('n dubbelbed enkel luukse suite vir 2) met sy intresante naamborde en verby vele damme



en kom ook vroeg by Dome Rock aan na ongeveer 'n uur se stap. Maar gaan stap toe eers weer die 'Tshesane' rooi dagsirkel wat net so 100m styg aan die oostelike kant van die Dome rock kamp. Die meeste ander 'Dome rockers' stap ook bietjie later die oggend hierdie sirkel roete wat as jy rustig stap jou ongeveer 2 ure kan neem.

Jacana het ook baie ou kaarte vir ons gestuur terwyl daar baie nuwe kaarte, alhoewel hulle ook 'n paar vreemde afstande van tot 25km 'n seksie opgehad het, beskikbaar was by die eienaar. Ons het soms bietjie hier en daar gewonder oor die akuraatheid van die kaarte wat ons gehad en dit verklaar dit. Ek hak dan sommer die nuwer kaart aan vir julle kennisname

Baie unieke kampe en baie goed toegerus. Stapperspaadjie oor die algemeen baie goed gemerk en uitgeloop. Baie mooi verskeidenheid natuur en lekker oefening. Nie sulke lang roetes in kilometers nie, maar in ure neem dit heelwat langer agv die moeiliker terein. Kom stap gerus hier as jy die kans kry en maak tyd om al die paadjies te loop. So 2-3 ure se ry van Pretoria.

Thabaphaswa Finansies:

16 Persone gratis agv 'n dubbelbesprekings foutjie van Jacana. Agt persone het ekstra bespreek en betaal. Twee van die 8 het nie kom saamstap nie. Dus 22 persone wat oorslaap.
 Oorbetalings vir 8 naweekstappers(R180pppn) en 1 dagstapper(R65) aan Jacana. R2945
 Gelde ingevorder vanaf 9 stappers -R3125
 Brikette(2) en Aanstekers:(R55+12.90) R 68
 Hout 5 sakke @ R20 elk gekoop op plaas R 100
 =====

Projek wins R 12



Webtuiste

Op Nomades se webtuiste www.nomades.co.za is 'n Google Kalender en 2015 Jaarkalender gelaai.
 Die Google kalender is dinamies en ons sal dit opdateer soos roetes verander of bevestig word. Sien ook die maanstatusse, vakansiedae en verjaarsdae daar. Die 2014 wenfotografie is ook reeds daar gelaai en die ledelys is ook weer bietjie opgedateer met nuwe mense en nuwe gesiggies. As jy trek of jou e-pos adres of telefoon nommers verander, laat weet ons asb, dan maak ek seker ons lys nie jou ou inligting nie en ons kan jou kontak met die nuutste klub-inligting sodat jy nie dalk uit-mis op 'n lekker stapgeleentheid nie.

Op die stasiese 2015 Jaarkalender is baie dieselfde inligting, dalk net makliker om uit te druk en alles op een bladsy/skerm te sien.

Tentatief beteken ons beplan die' roete vir daardie datum, maar dit is nog nie vasgemaak met die roete-eienaar of besprekings agent nie. Ons moet ook nog die deposito op hierdie roetes oorbetal na dat ons al die nodige inligting vir die bespreking verkry/ontvang het.



Groete
Marius Stander,
 Nomades nuusbrief/Webtuiste/Finansies
 Epos: MariusStanderPTA@gmail.com
 Selfoon: 083 305 6223

